

**18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-13**  
**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:7-10**

**Met die doel om een te wees in Christus**

Jesus Christus het aan die kruis gesterf om vir ons sonde te betaal. Om die breuk wat tussen God en die mens ontstaan het, weer te herstel. Hierdie breuk het gekom met Adam en Eva toe hulle van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het. Deurdat hulle aan God ongehoorsaam was, het hulle inderwaarheid daardeur gesê dat hulle self in beheer is, hulle is hoof van hulle eie lewe.

In die plek daarvan dat die mens God geëer en gehoorsaam en Hom erken het as Hoof en Here, het hulle en uiteindelik ons ook, onself in beheer probeer plaas. Kyk maar net in die samelewing hoe moeilik dit is om saam te werk, omdat almal uiteindelik in beheer wil wees. Selfs wanneer ons skaam is, probeer ons op een of ander manier om beheer uit te oefen oor ander, al is dit dan net die beheer van met wie ek praat en wie ek naby my toelaat.

Die gevolg was dat, alhoewel die engele in die hemel die Here volkome gehoorsaam het en steeds doen, die mens begin het om die gesag van die Here uit te daag. Maar met Christus se kruisdood het Hy nie net vir ons skuld betaal nie, Hy het ook weer die gesag van die Here sentraal gemaak deur as mens volkome aan God gehoorsaam te wees. Daardeur het Hy die gesagstruktuur van die Here weer kom herstel.

In Jesus Christus is ons dus nie meer 'n monster wat die Here se gesag uitdaag nie, maar werklik die liggaam van Christus. En die rede hiervoor hoor ons in die eerste verse: Omdat Hy ons uitverkies het. Met ander woorde, omdat Hy wou.

*Sing: Psalm 105:5 (1936)*

*Ds. AP de Jager (Vryheid)*